# die WAPAD

*Eeufeesbylaag*

**tot Die Wapad**

**3 Oktober 1969**



(Foto: Fotokuns)

1869 1969

# Ook die klein dingetjies...

ONS kan nie alles sê nie. Ook nie in hierdie bylaag nie. En wie dink nog vandag dat hy oor iets alles kan sê? Hoogstens miskien van iets vertel — 'n voorlopige aftasting, miskien van die belangrikste probleme . . .

Só dink die twintigste eeu. Jy sien dit in die boekwinkels: geen groot ensiklopedieë en boeke met magistrale, diepsinnige, uitputtende redenasies nie, maar 'n inleiding sonder grand finale, sonder 'n dus-akkoord, 'n finale beseëling.

Jy is nooit kláár nie.

Jy sien dit aan die mense. Wie hou daarvan om getipeer te word, om in 'n gaatjie geplaas te word? Wars van alle etikettering. So (is) ons mos.

## GROEI

*VAN 'n studentetal van 50 in 1921, 219 in 1931 en 569 in 1941, het hierdie universiteit se studente sedert selfstandigwording in 1951 soos volg vermeerder:*

| *Jaar* | *Totaal Stud.* | *Nagr. Stud.* |
|---|---|---|
| *1951* | *862* | *245* |
| *1953* | *1016* | *313* |
| *1955* | *1298* | *448* |
| *1957* | *1374* | *427* |
| *1959* | *1635* | *412* |
| *1961* | *1840* | *492* |
| *1963* | *2118* | *686* |
| *1965* | *2350* | *694* |
| *1967* | *2964* | *849* |
| *1969* | *3755* | *892* |

*Die universiteit hoop om teen 1975 voldoende akkomodasie vir 5000 studente te verskaf, en teen dié tempo van groei, sal die studente dan al dié getal oorskrei.*

Jy sien dit in die lewe. Geen beginsel is dit meer wat ons lewe bepaal nie, maar 'n persoonlike keuse, of dalk 'n waarde, gegrond in persoonlike voorkeur.

En daarby die „eerlikheid"! Die toegewing aan eie onvolmaaktheid . . .

En die klein dingetjies. Daarin lê 'n verrassende grootheid opgesluit — vir wie nog enigsins hierin 'n „trip" wil maak . . .

Soms meet ons sukses hieraan. En bekwaamheid.

En 'n eeu wat verby is.

Dit is soms die klein dingetjies wat die meeste krap of iets die moeite werd maak om te onthou.

Dit is ook die dingetjies wat 'n universiteit laat voortleef in die gedagtewêreld van sy studente. Soms bind die dingetjies studente hegter aan mekaar as wat 'n gemeenskaplike belydenis dit kan doen.

Met dié oorwegings bied ons in hierdie bylaag enkele flitse.

◆ Ons vertel u iets van die ou
◆ dae, net om u nuuskierig te
◆ maak; van ons koshuislewe,
◆ net om u meegevoel af te wys;
◆ van die baie fietse op die bult,
◆ sodat u nie dink ons ry net in
◆ motors nie. Ons vertel u van
◆ húlle oor wie die professore
◆ net fluister, van die Puk se
◆ politieke belewenisse, sodat u
◆ nie kan dink dat ons dít ver-
◆ geet nie. En om te bewys dat
◆ studente se drome soms be-
◆ waarheid word, herinner ons
◆ u aan die dag toe die biblio-
◆ teek afgebrand het!

Geen gedenkboek of 'n aanvulling by die studentehandboek (nagmerrie van elkeen wat 'n kleurbaadjie wil hê) of wat ons reeds vanjaar gehoor het en wat tydens die hoogtepunt gesê gaan word nie. Maar hierdie bylaag is 'n voorwoord by al die aangename (en onaangename!) herinneringe wat mag leef in die harte van die P.U. vir C.H.O. se studente, oud-studente, administratiewe personeel (vergeet hulle tog nooit nie) en dosente.

Dit alles dra ons op aan ons Alma Mater.

Want mooi is die hoogtepunte in sy geskiedenis: gebore uit die nag van smaad . . . selfstandigwording sonder gewetensklousule . . . Dankbaar is ons teenoor almal wat hom gebring het tot waar hy vandag is. Sy toekoms lê oop . . .

**Ons roem die P.U. vir C.H.O. vir die vorming wat hy bied, vir die bydrae wat hy lewer tot die Afrikaanse kultuur. Ons betuig ons dankbaarheid teenoor die getroue hemelse Vader wat hierdie inrigting gedra het en hom gebruik in diens van sy koninkryk . . .**

En ons roem ons Alma Mater ook in die klein dingetjies.

# *Studentelewe:*

# Ervaring, skoling... KOSBAAR

Callie Coetzee

**BY DIE wenteling van die eeu, moet daar tyd ingeruim word vir gedagtenisviering, besinning en beplanning. Dit geld ten opsigte van elke terrein van die groot lewensskool van die Universiteit. Wanneer dan ten opsigte van die studentelewe, die denkaktiwiteite van gedagtenisviering, besinning en beplanning in werking tree, is daar talle gedagteflitse wat mekaar byna verdring.**

• Saam met al die ander terreine van die Universiteitsverband, het ook die studentelewe gegroei en ontwikkel. Die voortgang op die terrein van studente-aktiwiteite was onlosmaaklik verbonde aan die voortgang op elke ander terrein van die universitêre lewe.

• Deur eerlike en toegewyde beplanning en besinning moet die huidige studente sorg dra dat die uitnemendste van die afgelope honderd jaar nie moeite en verdriet is nie, maar sprankelende lewe wat getuig, nie van ouderdom in die sin van afgeleefdheid nie, maar in die sin van rypheid en volwassenheid

• Die ervaring en skoling wat deelname aan die studentelewe meebring, kan nie met geld gekoop word nie. Die studentelewe lewer onbewus 'n bydrae in die proses van lewensvorming wat deel is van die omvattende taak van die universiteit. Daarom doen die student wat nie deelneem nie, alleen homself tekort en verskraal sy eie vorming tot lewensrypheid, mensekennis en ervaring.

• Deelname aan die georganiseerde studentelewe is die barometer waarmee die student se ware liefde en lojaliteit teenoor sy Alma Mater gemeet word. Ware lojaliteit en toegewyde liefde *moet* spontane deelname en ywerige belangstelling tot gevolg hê.

• Ook in die beplanning en besinning oor die studentelewe, moet daar tred gehou word met die tyd, sonder om noodwendig in pas te wees met die tyd. Want die oorheersende vraag is: Waarheen is die tyd op pad, of in pas? Daar moet gewaak word teen verstarring en nie teruggehuiwer word vir vernuwing nie, sonder om soos die tyd van 1969, tekens te toon van bandeloosheid en gebrek aan ware studente oorspronklikheid en inisiatief.

*Die eerste permanente gebou wat op die kampus te Potchefstroom gebou is, Heimat. Vir baie jare was Heimat die sentrum van die studentelewe . . .*
*Die koshuise beklee aan die P.U. vir C.H.O. 'n al groter wordende plek en die verantwoordelikheid van huiskomitees vir 'n gesonde aktiewe studentelewe.*



**Deelname aan die georganiseerde studentelewe is die barometer waarmee die student se ware liefde en lojaliteit teenoor sy Alma Mater gemeet word. Ware lojaliteit en toegewyde liefde moet spontane deelname en ywerige belangstelling tot gevolg hê.**

• Die studentelewe is die enigste terrein wat geleentheid bied vir die uiting van al die opborrelende jeugdigheid en oorspronklikheid waaroor 'n student in so 'n ruime mate beskik.

• Die studentelewe laat leiers na vore tree en ontplooi, wat ook lank nadat die studentejare verbyge gaan het, die waarde van hulle deelname aan die studentelewe besef en gebruik om leiding te gee.

• Die fondament en grondslag waarop in die studentelewe gebou word, bepaal die lewenskrag en groeikrag van die studentelewe. Is die grondslag dieselfde as die grondslag wat die gees en karakter van die hele P.U. vir C.H.O. bepaal, dan is die toekoms van die studentelewe ook verseker en sal dit nooit oud word nie, maar slegs verouder soos goeie wyn.

*Die geslagte van die afgelope eeu het 'n ryke en kosbare erfenis agtergelaat. Mag ons, die huidige geslag, nie terugdeins vir die verantwoordelikheid om 'n bydrae te lewer, sodat die geskiedenis in die tweede eeu homself sal herhaal, in die sin dat die studentelewe sal spreek van groei, ontwikkeling en tegelyk hegte gefundeerdheid.* ★

# UIT TOEKA SE DAE

## *Studente van lankal vertel*

**DR. P. J. COETZEE GEREF. PREDIKANT KLERKSDORP**

### Die Russiese spioen

FRYSKIE (later ds. J. W. J. van Ryssen), Spottie (N. G. S. van der Walt), K. D. (prof. Venter van Unisa) en Maklaskie (ds. N. T. Snyman) het ons eerstejaars in begin 1934 'n lelike poets gebak. Hulle het 'n groep van ons daar in Ons Huis op 'n baie subtiele manier wysgemaak dat daar in die koshuis 'n baie gevaarlike Russiese spioen, tewete Rudolphus S. S. (later ds. R. S. J. van Wyk), inwoon. Hulle sou dan briewe onderskep het wat hulle in getikte vorm aan ons getoon het — afkomstig van die Russiese opperbevel. Daaruit het dit geblyk dat „'n staatsgreep" beplan was en dat die bomwerpers binne drie dae Potchefstroom sou uitwis.

**„Ou Gerrie het net met sy donderstem telkens geroep: ‚Magdalena waarom rus jy nie?' "**

Toe Rudolphus S. S. wat blykens een van die briewe na Johannesburg „ontbied" was vir geheime samesprekings juis daardie Saterdagmôre toe die Russe sou opdaag, nêrens te sien was nie (hy was op pad om as sewende jaar teologiese student êrens te gaan preek), het ons senuwees breekpunt bereik. Balbo (du Plessis) het aangebied om die bandiete wat daar op die terrein gewerk het, op te pas, sodat die bewaarder die polisie kan gaan haal. My kamermaat Jurie Venter (later ds.), het gesê ons moet in ons kamer bly, die deur sluit, vensters en ook die bolig toe maak. Fryskie en sy makkers het baie pret gehad met hierdie liederlike streep wat hulle ons, arme eerstejaartjies, so goedgelowig ge trek het. Rudolphus het glo ook teenspoed opgetel, want toe sy nooi hoor dat hy 'n Russiese spioen is, het sy die verhouding verbreek!

### Mac met sy lyfwag

Mac Snyman (later ds. T.O.), het een aand tydens die ontgroening 'n ding aangevang wat my bygebly het. Hy wou by oom Koot de Klerk, so drie blokke van die Puk af in Presidentstraat, gaan kuier. Vier eerstejaars moes hom toe met sy bed, matras, kussings kombers en al, terwyl hy daarop lê, uitdra uit sy kamer daar bo in Ons Huis — die trappe af na oom Koot toe. Uiteindelik by oom Koot se huis aangekom, het hulle onder streng bevel hom met sy „draagbaar" sorgvuldig oor die heining getel en op oom Koot se stoep tot rus gebring.

Met die terugkeer moes hulle met tussenposes die bed neersit langs die straat, uit die aangrensende boorde 'n voorraad vrugte „gaan haal", en dit vir ou Mac op sy bed bring. Hy het op hierdie staduim ewe breed op die bed gesit en vrugte eet. Hy het eers van die bed „afgestyg" toe hy by die trappe op, veilig weer in sy kamer neergesit was.

### Met boeie en gewere

My goeie vriend Floors (dr. F. D. du Plooy) sal my dit seker nie ten kwade reken as ek vertel van die dag toe hy as eerstejaar op Potchefstroom gearriveer het nie.

Sy aankoms in die ontgroeningstyd het 'n hele konsternasie verwek. Hy is groot van gestalte en was nog boonop eers 'n tyd lank in die polisie. Die ouhere was gevolglik baie skrikkerig om hom te probeer rondpluk. Ou Ben (dr. B. P. Krüger) was toe S.R.-voorsitter en ek meen dat ek toe sekretaris of ondervoorsitter was. Hy het gemaak senuagtig-, net nadat hy die nuwe „draak" te sien gekry het, by my kamer ingestorm en voorgestel dat ons as gevolg van die „noodsituasie" onmiddellik die ontgroening moet afskaf.

Ons het toe egter 'n ander plan gemaak. Boeie is inderhaas by die polisie geleen. Ou Floors het toe geboeid daar voor Ons Huis gestaan met 'n klompie ouhere wat met die skietklub se gewere gewapen was, rondom hom. Ons ander was „te bang" om dit naby hom te waag, ingeval hy hom sou vererg. Ons was daar op die boonste stoep van Ons Huis geskaar, vanwaar die ontgroeningreëls toe ten aanhore van hierdie formidabele groentjie voorgelees is. Met groot selfbeheersing het hierdie oudkonstabel gelukkig nagelaat om sy leeuekrag aan te spreek en het hy hom die situasie so sag soos 'n lammetjie laat welgeval, tot groot verligting van die ouhere wat oor hom gesag moes voer.

### Magdalena van Wasgoedspruit

Een jaar met die bloktyd het die gerug die rondte gedoen dat daar by die doringbome langs Wasgoedspruit „'n gees ronddwaal". Twee studente het, al slepende, 'n ontmoeting met hierdie „spook" gehad, so het hulle met verwilderde oë en hygende bors kom vertel. Die volgende aand was daar 'n skare studente wat kom wag het om „die Spook" te probeer te sien kry. Ou Gerrie (later die ou kerkvader dr. G. C. P. van der Vyver) het met sy donderstem telkens geroep: „Magdalena, waarom rus jy nie?"

Ondertussen was ons daar nie van bewus dat drie studente vroeër die aand reeds met lakens, pampoenskille, kerse en so meer toegerus, tussen die bome gaan wegskuil het om op die sielkundige moment te wag nie. Toe ou Gerrie 'n keer weer sy hartroerende klaagdreun deur die naglug laat hoor: Magdalena . . .?" verskyn die drie „spoke" en beweeg hier na ons kant toe . . .

Twee van ons ou groot voorosse van die eerste voetbalspan het hier langs my en ou Gerrie gestaan. Ek verswyg maar hulle name. Die een het haastig ritererend net gesê: „Kom kêrels!" en dit het gemaak dat die ander een byna 'n graspol met sy voet uitgeruk het soos hy wegspring om veiligheid te soek.

Ek wou nog van die „sedelikheidskomitee" vertel as ou Mieder (later ds. M. J. P. Olivier) nie sal omgee nie. Dan ook van die eerstejaartjie wat 'n sektariër was met al die dweepsiekheid wat dit behels, toe hy een aand daar in Boet Postma se waenhuis deur ons te woord gestaan is in die byeenkoms van die Gaipe. Ons was nie veronderstel om te lag nie. Ou Gerrie het as teenvoeter 'n hele manssakdoek in sy mond gedruk. Ou Japie (prof. J. L. Steyn van Unisa) was in die stoel. Ek sien hom nog daar gebukkend staan terwyl hy sy plig as voorsitter uitvoer. Hy het hom so bedwing om nie te lag nie, dat sy hele lyf heen en weer ruk, en dat die trane op die tafel voor hom drup, maar daar was geen geluid nie.

Dan was daar ook die dag toe die ouhere met die aankoms van die draak William John James (nou 'n man van betekenis in die onderwys glo op Krugersdorp), sy hele kosmandjie leeg geëet het daar op Ons Huis se stoep, en onder uit die mandjie 'n rewolwer te voorskyn haal!

# „Voor Heimat het die studente wat nie in die klas was nie, die polisievangwa omring en die vertrekkende makker die Vrystaatse volkslied toegesing."

**Dr. F. D. du Plooy**

DIT was, sê maar, ongeveer dertig jaar gelede toe daar amper soveel studente op die kampus rondgeloop het as wat daar vandag geboue staan. Dit was die tyd van „geweldige" uitbreidings, van oorgang van die oue na die nuwe. Die so bekende sinktempels wat die kampus jare lank versier het as laboratoriums, moes noodgedwonge vir ander doeleindes ingerig word, onder andere 'n studentesaal wat genadiglik deur die soldate tot 'n gelukkige heengaan gebring is en 'n manskoshuis wat vol eerstejaars gestop is. Ek weet nie eens wat van almal geword het nie. Hierdie vooruitgang is moontlik gemaak deur die oprigting van die geel geboue langs die oosgrens van die kampus wat binnekort seker ook van „ouderdom" sal verdwyn. Ek bedoel natuurlik die „ou" fisika-, aardrykskunde- en sielkundelaboratoriums wat destyds opgerig is tot groot vermaak en tydkorting van die Ons Huisers. Die taal deur een van die werksmense gebruik was nie altyd vleiend nie en dit het die studente geamuseer. Die uiteinde van die saak was dat wyle prof. Postma die studente bymekaar geroep het en baie streng opdrag gegee het dat daar nie vir ander mense gelag mag word nie. Asof hulle net gelag het!

Aanvanklik was alles rustig op die kampus... studeer, eet en sport. Toe kom die ossewatrek in 1938. Dit het bekend geword dat daar met die ontvangs van die waens ook Engels gepraat sou word. Een van die studente het georganiseer en die aand met die feestelikhede is die spreker gedurende 'n uitsaaiprogram skoon van die verhoog af gesing. En die studente van daardie tyd kon sing! Die spreker was verontwaardig en woedend; hy het geëis dat die sangers hom om verskoning moes vra, hulle name kom teken as hulle die moed sou hê... Daar is baie meer name geteken as die getal wat gesing het. Party wat geteken het kon nie eens sing nie, maar hulle „het in hulle gedagtes saamgesing". Na drie dae is die vrede herstel en die fees kon voortgaan, maar nie voordat die betrokke spreker die studente om verskoning gevra het nie!

## Versteurde tyd

Hierdie vreedsame tyd is wreed versteur deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die aand (9 September 1939), nadat die destydse Unie-regering oorlog teen Duitsland verklaar het, het wyle prof. C. J. H. de Wet en prof. D. W. Krüger die studente voor Postmahuis toegespreek en lelik uitgevaar teen Downingstraat 10. Die gevolg van hierdie byeenkoms was 'n vergadering van studente wat die volgende dag in die hoofgebousaal gehou is. Die atmosfeer was gespanne en dis by hierdie geleentheid dat wyle ds. Jurie Venter se voorstel dat die studente die Paleis van Justisie in Pretoria moes gaan aanval en verower, so byna geslaag het. Het wyle ds. J. V. Coetzee nie daar opgedaag en die studente op sy kenmerkende manier gekalmeer het met sy gevleuelde woorde: „Hou die koppe koel", nie, sou daar seker vandag geen Paleis van Justisie meer gewees het nie en waarskynlik 'n klomp studente minder.

Oor die soldate-aanval self kan mens boeke skryf, maar hier net 'n paar opmerkings. Na die aanval die aand het een van die dosente (nou reeds oorlede) wat redelik ver van die Universiteit af gewoon het, die volgende oggend doodluiters opgedaag om sy klasse te kom waarneem. En was hy ontevrede oor die „gemassa" van sy klasse so vroeg in die oggend! Dis toe dat een van die professore wat waarskynlik nog nooit 'n vlieg doodgeslaan het nie, sy pistool gryp, by die deur uit hardloop om die kamp te gaan verwoes. Gelukkig het hy 'n verstandige vrou gehad wat hom 'n ent van die huis af kon gaan voorkeer. Dis toe dat een of ander „onopgevoede" student een nag om drie-uur 'n leë lampolieblik bo van die trappe in Ons Huis afgeskop het, en dit toe die spanning bykans breekpunt bereik het. Gelukkig of ongelukkig weet niemand tot vandag toe wie hy was nie. Om 'n tweede aanval af te weer, is skietgoed die koshuise ingebring... vragte klippe, klein en groot en sulke halfwas rotse. Nadat die owerheid by twee geleenthede gedurende vakansietye die skietgoed verwyder het (glo om skoon te maak), het die koshuisbewoners die saak gewonne gegee en begin glo aan vreedsame naasbestaan.

Vir die skade wat deur die aanval gely is, is vergoed. Ook fietse het in die slag gebly. Skadevergoeding kon geëis word. 'n Mens wonder of daar nie vir meer fietse geëis is, as vir dié wat in die aanval beskadig is nie!

## Internering

Gedurende dié tyd is een van die studente, wyle ds. Rabbo Pasch, geïnterneer. Voor Heimat het die studente wat nie in die klas was nie, die polisievangwa omring en die vertrekkende makker die Vrystaatse Volkslied toegesing, want hy was 'n gebore Vrystater. Selfs die speurders wat hom kom haal het, het so hier en daar 'n traan afgevee. Later is proff. F. J. Labuschagne en B. C. Schutte in hegtenis geneem op 'n aanklag van hoogverraad. Na 'n paar weke is hulle vrygespreek tot groot teleurstelling van die studente, want die hofsaak was welkome afleiding!

*Dit dan so 'n paar grepe uit daardie veelbewoë tyd. Die universiteit staan nog op dieselfde plek en daar is nog studente. Alles is net baie meer en mooier as destyds. Dit lyk ook of daar vrede op die kampus heers. Mag die studente daardie vrede geniet en benut, want dalk kom daar weer dae van beroering en... magteloosheid.*



*'n Ongewone gesig — studente wat in die tuin werk. Die oueres sal sê: die goeie ou dae. Ons vandag sal sê: dit was toe studente nog tyd gehad het vir sulke dinge...*

# Wie sê dis 'n honnelewe?

**Rika van Graan**

**WIE SÊ DIT is 'n honnelewe? Wel, dan is jy net sover van verkeerd as wat reg van verkeerd is.**

'n Koshuis is 'n versameling van individuele snobs en „over-gesiendes". Almal vorm deel van 'n geheel.

Hier op ons kampus kom die Oue en die Nuwe bymekaar! Sierlik is die boë van die oue teenoor die nuutopgestapelde vuurhoutjiedosies. Gewoonlik vorm dit 'n kompleks van 'n reghoek, 'n U of 'n L. Binne die kompleks is klein koutjies met bypassende patryspoorte gemonteer in staalrame.

Maar in hierdie kompleksiteit word daar geléwe . . ! En wie is dit wat lewe . . ? Natuurlik die vasgevange slagoffers van bevooroordeling . . . en dit is die studente.

◆ Dit is tussen hierdie vier mure
◆ waar hy soms sy frustrasie
◆ kan uitskree of sy lief en leed
◆ kan besing. Dit is hiér waar
◆ daar drome gedroom en lug-
◆ kastele gebou word.

Ja, as die mure maar kon praat sou dit baie geheime ontbloot . . . byvoorbeeld: wie is die nuutste Delila op die kampus; watter minirok het die beste inhoud?

So kan die besprekinge wissel vanaf die knieë van Jacky Kennedy Onasis tot die devaluasie van die Franse frank.

Dit is nie net die vroulike geslag wat onder die tong deurloop nie maar agter die skeidsmure van die dameskoshuise kan daar nie sensuur toegepas word nie . . . en dít sê baie.

Blykbaar is die teekan 'n onuitspreeklike bron van kennis of sou die lippe natmaak die tonge los-maak en spontaneïteit laat ontdooi?

**Ons eet óók!**

Maar die koshuislewe omsluit nie net die kamerlewe en gesels nie — daar moét ook geëet word! Vir die student het dit 'n noodsaaklike ergenis geword om te sorg vir sy eie welstand. Om aan die akademiese en sosiale vereistes te voldoen, word energie benodig.

Hongerig, ja hongerig, daar is seker nie één student wat nie hongerig is nie. Dit kan veroorsaak dat jy jou soms vergryp. Vinnig moet jy as 't ware wees . . . skep jy jou vleis en slaai in dieselfde bord moet jy vinnig wees, want anders verslind die vleis dalk die slaai!

Die tradisionele katkoppe plaas in die hande van jou teenstander is 'n baie gevaarlike moordtuig — iets waarvoor hy nie verantwoordelik gehou kan word nie — dié versoeking is dan daar.

Maar dit is tog nie net die eet wat saak maak nie, met goeie en aangename geselskap gaan dit veel makliker af.

Maar in die eeu van voortstuende progressie is dit nie net die liggaamlike versterking wat tel nie maar te meer die vorming en opbouing van die intellek. Beide is gesetel in die koshuis want dit is dáár waar die meeste ure en werk ingesit word.

**Menslik gesproke is daar in die koshuis 'n tyd vir lag en sosiale verkeer maar dan is daar ook die tyd van erns en arbeid — wanneer 'n gesonde balans bewaar word, is die afbalansering aan die einde van die jaar so soet!**

Vir die student sentreer die koshuislewe om twee gróót hoogtepunte by name die eksamen as die toppunt van die akademiese jaar terwyl die sosiale sy oorheers word deur die jaarlikse Intervarsity. Die studente verstaan mekaar, saam kan hulle lag en saam kan hulle huil, saam kan daar gees gevang word en saam kan daar gewérk word.

Elke jaar in die lewe van die student vorm 'n siklus voortspruitende uit 'n vorige. Steeds hoër en hoër styg die watervlak van akademiese vooruitgang en hiermee loop die sosiale onafskeidbaar saam.

Die einde van elke jaar kom ons te staan op 'n plato wat as basis vir pad verder dien.

Die koshuislewe kan slegs vir die student geluk bring as hy sy lewe lééf soos wat dit vir hom bedoel is! ★

---

# KOSKOMMISSIE ONDERVIND MOEILIKHEDE

**Douw Kruger**

Psssst . . . al ooit gehoor van 'n student wat nie oor koshuiskos kla nie?

As deel van die Eeufeesvierings is 'n kommissie aan die begin van vanjaar „gelas" om ondersoek in te stel na klagtes wat daar in die verlede oor die kos bestaan het.

Met groot geesdrif is die opdrag aangehoor en ywerig het die kommissie aan die werk gespring. Aan duisende oud-studente is versoeke om inligting oor klagtes gestuur.

Blydskap was op elke lid se gesig te lees die dag waarop die eerste antwoorde ontvang is. 'n Geskiedkundige oomblik: klagtes wat al die afgelope eeu bestaan kan nou saamgevoeg word; die bewyse was daar; vandag se studente kla nie net uit gewoonte nie.

Wreed die ontnugtering, die opstel van 'n lys was haas onmoontlik. Elle lange lyste is uit elke koevert gehaal; in die plek van elke brief wat oopgemaak is, het daar tien ander aangekom. Die situasie was kritiek; 6000 lyste met klagtes, honderd klagtes op elke lys — on moontlik om dit deur te werk.

Gedurende Mei is 'n noodvergadering belê om die situasie te bespreek. Voor die einde van die jaar moes die kommissie verslag lewer van wat gedoen is. Voorstelle is gemaak en verwerp. Na vele bespreking het almal skielik die „silwer randjie" gesien, Die „swart wolk" het verbygetrek. Slegs 'n klein wysiging in die bewoording was nodig: „om ondersoek in te stel na klagtes wat daar in die verlede *nie* oor die kos bestaan het nie".

Weer is daar met die duisende oud-studente geskakel. Die klein wysiging is nou ook hier ingesluit.

Die kommissie is al weer in die penarie — nog nie 'n enkele antwoord is ontvang nie. ★

# So het dit gelyk na die soldate-inval

## *Skrobbering vir verleiers*

„'N Opskudding is veroorsaak toe drie mans in 1939—40 die eerste keer met kort broeke gaan tennis speel het", het oom Bob Yssel van Noordbrugweg in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.

Frans Arnoldi, Shortie Strydom en Gabriël Nel, die drie sondebokke, is voor die S.R. gedaag om verantwoording te doen. Hulle is glo deeglik geskrobbeer aangesien hulle dan die meisies sou verlei! Die driestuks is toe verbied om kleurbaadjies te kry vir die res van hul studietydperk.



*Die bliksaal waarin die Pukmassa vergader was toe die soldate 'n inval gemaak het.*

# TRAP-TRAP DIE BULT UIT

**GEBOUE MET nikssiende vensters, geslote deure en leë fietsrakkies. Alles is afgesterf en sonder die vermoede van 'n polsende lewe. Vakansie.**

**Joan Crafford**

Soos die eerste swaels kom hulte terug: die fietse. Eers enkeles in die rakkies voor die laboratoriums en dan op 'n dag glimmende rye fietse onder die bome agter die biblioteek en ook hier en daar dié wat statig geparkeer is onder die vaandel: Fietse — personeel alleen.

Fietse word amptelik op die Puk as vervoermiddel erken, soos nie alleen die fietsrakkies en —loodse bewys nie, maar ook die gewildheid van die rytuig by professore wat verby die Mercedes-stadium is. Stalle vir die ysterperde is daar inderdaad genoeg, maar hoe meer ingeburger hul base op die plaas raak, hoe gretiger soek hulle groener weivelde — rustig herkouend teen 'n muur of boom aangeleun.

Onontbeerlik is die woord vir 'n fiets. Met 'n bus wat so gereeld soos Halley se komeet tussen die dorp en die bult loop, word die fiets gereeld ingespan, sy dit om inkopies te gaan doen of om 'n middagvertoning van 'n rolprent by te woon. Tot 'n fyn kuns word die vermoë ontwikkel om met 'n fiets, soos 'n pakdonkie behang van pakkies, al die ingewikkelde toertjies van stop, wegtrek en afdraai uit te voer.

'n Doodgewone verskynsel is dit vir 'n ou om sy aster te kom haal, gesellig inry toe te ry (elk op sy eie fiets), die fietse daar aan die draad vas te ketting en dan heerlik op die gras te sit en fliek.

◆ 'n Dame wat trap dat die pedale
◆ sing, mag dalk op 'n ander plek
◆ 'n ietwat ongewone verskynsel
◆ wees, maar die Puk-dames het
◆ die kuns bemeester om die reg-
◆ te verhouding tussen snelheid
◆ en elegansie te handhaaf. En
◆ gekniehalter deur mini's of te
◆ nie, op die saal kan sy net so
◆ kuis lyk soos op die kerkbank.

Maar fietsry is ook nie altyd roomys en roosterbrood nie. Teen die Augustuswinde en die opdraende staan 'n mens soms sekelkrom om veld te wen. As twee verlepte binnebande jou op 'n blou-koue môre lugledig inwag, en jou pomp lek, is dit slegs nog 'n bewys dat niks volmaak is nie.

Relletjies met die verkeerspolisie is natuurlik onvermydelik — veral as 'n mens 'n fiets besit wat a) geen lig, b) geen lisensie, klokkie of remme het nie en c) jy daarvan hou om langs jou maat te ry. Menige student kan getuig van nagtelike jaagtogte deur donker stegies in 'n poging om die brullende hand van die gereg te ontduik.

Die gevolg van hierdie daaglikse aanraking met die fiets is dat elke student 'n ongekende behendigheid ontwikkel in die hantering daarvan. Een student het, nadat sy fiets gegly en hy op die naat van sy rug beland het, onversteurd 'n boek nadergetrek en kalmpies in die middel van die straat gelê en lees.

Die fietsloodse bly steeds die wondbaarste plek in elke koshuis, ondanks ooreenkomste wat onderling opgestel word te dien effekte dat elk van beide partye hul hande van mekaar se fietse en/of motors sal afhou. 'n Stapel ineengestrengelde rame spreek duidelik: wraak (of intervarsity). Soms is die sabotasie subtieler en fyn beplan: 'n vermiste kleppie aan elke wiel.

Of: 'n fiets wat seëvierend aan die vlagpaal gehys is, simbool van die regime van kuit en pedaal. ★

# OOR DIE LESSENAAR IN DIE REKTOR SE KANTOOR

## *'n Onderhoud*

**Jan-At Kruger**

*Dit was 'n rustige Dinsdagoggend. Ook in die kantoor van prof. H. J. J Bingle, die man wat die fenomenale groei van die P.U. vir C.H.O. gedurende die laaste paar jaar gelei het. Ook in sy kantoor — vanwaar die beplanning en inisiatief kom — was dit stil en rustig. Hy het agter sy lessenaar gesit, rustig sy bril skoongemaak en ons het begin gesels. Sommer oor alles en nog wat voordat ek die bandmasjien gereed gehad het. Sy helder blou oë was vol vuur, aan die vooraand van dié fees. Waaroor ons gesels het, is dinge wat in die gedagtes en gesprekke van almal wat belang stel in die P.U. vir C.H.O. leef . . .*

**Het u 'n bedrywige studentelewe agter die rug, Professor?**

Ek was 'n voltydse ingeskrewe student vanaf 1928—'40. In dié tyd het ek my B.A., M.Ed en D.Phil behaal. Ja, ek het deelgeneem soveel as wat dit vir my moontlik was. Ek was op die studenteraad gewees, een jaar, my laaste jaar en wel as penningsmeester van die Studenteraad. Ek onthou nog goed dat ons dié kolossale bedrag geld in die jaar gehanteer het van — ek dink dit was — twee en sewentig pond. Maar dit was toe só dat elke klub sy eie gelde gehad het. Ons het ook niks van die Raad ontvang nie. Ons bedrywighede was maar min gewees.

In my eerste jaar — ek onthou nog — het ons weggebreek van Nusas. Die senior studente het 'n hewige stryd teen die mense van Nusas gehad.

**Het die studentelewe vir u persoonlik baie betekenis gehad?**

Jaa, dit het. Dit het. Dit het vir 'n mens beslis baie betekenis gehad. Dit het 'n mens eigelik die vrymoedigheid gegee om na vore te tree. Veral as jy nou vat ons onderwysopset waarin ons grootgeword het. Die tug het 'n baie belangriker plek ingeneem. 'n Kind moes gesien en nie gehoor word nie. En as jy nou in die studentelewe kom en jy kan loop en rook wanneer en waar jy wil, wel, en jy sien hoe ander manne vrymoedig die woord vat, dan kom jy ook los. Ek sou sê dat die grootste voordeel wat dit vir my gehad het was dat dit jou losgemaak het van 'n taamlike toé situasie. Ek het aan sport ook 'n bietjie deelgeneem maar ek het probleme met my hart gehad. Die dokters het beweer dit was oorspanning van die hart.

**Het u nou nog las daarvan?**

Neewat, dit het heeltemal reggekom. Seker ook omdat ek betyds daarmee opgehou het.

**Ek verneem u stel ook besonder belang in houtwerk.**


Houtwerk? Ja. Ek het ook 'n groot deel van my meubels self gemaak. Dit kom van die familie. Ons het blykbaar maar 'n natuurlike handvaardigheid wat dit betref. Ek is nou besig om 'n staanspieël te maak . . . Ek sorg dat ek altyd maar so bietjie hout het om aan te peusel. Die goed maak ek als op my eie patrone sonder om 'n plan vooraf op te stel. . . ek maak nie 'n tekening nie, ek stel nie vooraf die mate vas nie . . . alles maar sommer uit die kop uit . . . Maar in die laaste tyd het ek nie veel kans gekry nie. Nog altyd besig gewees met onderwys- en universitêre sake . . .

**So, die Universiteit het deel van u lewe geword?**

Jaá, jaá, dit is so. Waar mens ookal gaan — sê nou ek spreek die Rapportryers toe, of die onderwyskongres, soos gister, dan doen jy dit gewoonlik in jou hoedanigheid as rektor van die Universiteit.

**Sedert wanneer is u voltyds verbonde aan die Universiteit?**

1945. Toe is ek aangestel as senior lektor in opvoedkunde. Van 1950 af was ek professor en van '52 af dekaan van die fakulteit. In daardie dae was die salarisse maar baie swak gewees. Ek het begin met minder as wat ek in die skoolonderwys gekry het. Ek het dus verloor toe ek hierheen gekom het. Maar vandag doen mense nie meer sulke dinge nie — alhoewel — ek




*Só lyk die kampus van die toekoms . . .*

*Die Rektor, prof. H. J. J. Bingle agter die lessenaar in sy kantoor waar ook proff. F. Postma, J. C. van Rooy en J. Chris Coetzee, sy voorgangers leiding geneem het.*



moet sê — ons het hier 'n hele paar aangename verrassings gehad in die afgelope tyd van persone wat baie groot aanbiedinge buite die Universiteit gekry het en dit tog nie aanvaar het nie . . . soos veertien dae gelede toe 'n persoon R2,000 meer kon verdien het . . .

**Het u reeds sedert '45 'n breër belangstelling in die Puk gehad as net u vakrigting?**

Ja. In die eerste jare moes ek my maar inwerk in my vak — al die vakke van die opvoedkunde. In 1950 is ek toe deur prof. Postma benoem as sekretaris van die selfstandigwordingskomitee. En as sodanig het ek letterlik met die hele opset van die Universiteit te doen gekry. Prof. Postma het self die wet opgestel, maar toe het hy net begin, hy was net 'n entjie weg met die statuut en toe moes ek dit oorneem. Ek moes die statuut opstel en al die Universiteitsregulasies. Dan kry jy te doen met die laaste ding van die universiteit . . . In 'n kort rukkie se tyd het ek volledig ingewerk geraak in al die dinge. As dekaan het ek sitting gehad op die Uitvoerende komitee. Daar trek alles saam. Dit is die brandpunt.

**Het u reeds van 1950 af al 'n ideaal vir die Universiteit gehad?**

O. ja. O, ja. Dit was vir my altyd baie duidelik gewees dat daar geen grens of perk aan hierdie Universiteit te stel is nie. Nie dat ek geglo, of gedink het, of verwag het dat dit so vreeslik sou uitbrei en so vinnig nie. Maar nou is 'n mens se blik maar baie beperk want daar's een faktor wat jy nie in aanmerking neem nie en dit is hoedat jy gemeenskap en jou land ryp word vir sekere dinge nie. Omstandighede het so verloop dat daar 'n groter aanvraag gekom het vir ons benadering van die wetenskap. Van 1950 af moes ons toon, aan die akademiese wêreld, dat ons alleen met hoë standaarde tevrede gáán wees. Gevolglik, harde werk, gevolglik vandag 'n hele span mense met internasionale status. Aan die publiek is gewys wat gaan hier aan. Aan hierdie faktore het ons nie gedink nie. En dít het die groot groei teweeg gebring.

**U, prof. Van Rooy en mnr. Schutte was 'n aantal jare gelede na Amerika. Het dié besoek enige invloed gehad in u ideaal en beplanning vir die Universiteit?**

Ee, ja. In tweërlei sin. As mens uit die land uitgaan, verweg gaan, soos na Amerika toe, wat 'n ontsaglike bedrywige land is, dan gee dit jou perspektief t.o.v. jou eie land. Jy kan op 'n afstand kyk na jou eie land in die lig van wat jy daar om jou sien. En, in die tweede plek, het ek in Amerika eintlik net bevestiging gekry vir die dinge wat ek vermoed het.

*Trein fluit hard . . . Professor speel met sy pen op die tafel.*

Met ander woorde ek kan nie sê dat ons dáár so vreeslik dinge geleer het waarvan ons nie geweet het nie. Jy is maar op hoogte van die dinge. Jy lees dit. Daar sien jy dit. Dit is eienaardig watter gemoedsrus en selfvertroue dit mens gee as jy gesien het hoe die dinge werk. As jy gesien hoe die dinge wat jy in gedagte gehad het, goed uitwerk. Dit gee jou ook moed. Ons omstandighede en hulle s'n verskil baie. Jy kan nie alles net so oorneem en hier wil toepas nie.

Wat ons daar gesien het is dat jou ontwikkelings-departement kan nooit net 'n geldsaak wees nie. Daar is ander dinge, gesindhede, wat veel belangriker is as geld. En daardie gesindhede moet mens op 'n ander manier kweek as die wyse waarop jy net jou universiteit verkoop ter wille van geld.

**So, die beginsel gaan voorop, ook vir die departement ontwikkeling?**

Ja, o, ja. Kyk, die departement ontwikkeling se eerste taak is om die beeld van die Universiteit uit te dra, om dit vir die wêreld te toon: dít is die beginsel wat hy handhaaf, dit is die werk wat hy doen, só doen hy die werk, só leef hy, so ontspan hy, so speel hy . . . Eers as dít uitgedra is, vra hy aan die publiek, nywerhede en wie ookal: steun daardie dinge.

**Maar daar is mense wat die ontwikkeling sien as 'n bedreiging vir die karakter van die universiteit. Ook predikante . . .**

Daar is mense wat van tyd tot tyd beswaar maak. Maar wat vir my 'n raaisel bly is: watter mense moet ons dan wegwys? Op grond waarvan kan jy diskrimineer? My standpunt is: dit sal 'n kwade dag wees as ons 'n enkele student weier omdat ons dink ons is te groot. Enige mens behoort die reg en die voorreg te hê om met hierdie wetenskapsbenadering van ons, en hierdie mensvorming kennis te maak. Dit kan ons nie verontagsaam nie.

Ons is bewus daarvan dat jy namate die getalle groter word aweregs groepe kry. Dit is iets wat gewoonlik gebeur. Maar ek meen daar is ander middele om dit te bekamp. 'n Mens moet jou daarop toelê om leiding sodanig te gee dat daardie ware elemente uitgeskakel kan word. Dit is ook al hier aan die gang. Hierin het die huisvaders en huiskomitees 'n besondere taak . . .

*So omgeveer was die gesprek die eerste halfuur.*

*Ons het oor dosente gepraat. Almal staan die Christelike wetenskapsgedagte voor.*

*Ek het hom uitgevra oor die verhouding tussen die P.U. vir C.H.O. en die Gereformeerde Kerk. Albei staan op dieselfde grondslag, maar soewerein in eie kring.*

*Ons het gepraat oor kerkisme. Die feite weerspreek alle aanklagte teen die P.U. vir C.H.O.*

*En toe het hy my uitgevra oor allerhande dinge terwyl ek die masjien opgepak het.*

*Ek het buite gekom en die P.U. vir C.H.O. gesien. Groot. Mooi. Met 'n toekoms.*



*'n Studenteouerpaar gereed om te vertrek vir vakansie — studente-oorspronklikheid wat vir baie (oningewydes) pure stuitigheid is . . .*

# *Mens sal hulle nie gou vergeet*

**Hans van Zyl**

**DIE JARE 1956—60 was „goue" jare in die Puk se studentelewe. Die studenteleiers soos Tjaart van der Walt, Kort Stoney Steenkamp en De Wet Krüger was bekwame manne; die massavergaderings was lewendig, die rugbyspanne uitmuntend en die koshuisgees voortreflik.**

Vir 'n eerstejaar is al wat ouheer is aan die begin indrukwekkend — vir hul tydgenote is hulle maar doodgewoon. Wanneer mens egter aan jou studentedae terugdink is daar 'n paar wat — afgesien van die studenteleiers — nie vergeet word nie, selfs nadat jy nie eers meer aan jou eie kamermaat/s dink nie.

Só was daar ou Toy Dannhauser, Groot Frans de Bruyn en Bok Fourie. Ou Toy was nie 'n slagoffer van die akademie nie; soms het hy wel wakkerpille gedrink om tot 8-uur saans voor sy boeke deur te bring, maar meestal het hy sy boeke alleen voor sy venster gelaat en gaan kamerbesoek doen. Teen elf-uur wanneer hy teruggekom het, en die wind die blaaie aangewapper het, was hy altyd vol lof vir die boeke wat so mooi self gestudeer het.

Hy het ook maklik soggens verslaap. Eenkeer het hy 'n minuut voor die einde van 'n periode by 'n klas ingestap en verskoning gevra dat hy laat is. Latyn ongesiens het hy met 'n donker bril gaan skryf.

Een wintersoggend wou die Heimatters hom met slaapklere en al in die visdam gooi. Ou „Dan" het egter losgeruk en laat loop — by die rektor se kantoor verby, oor die kampus en straat toe. Hulle het hom gejaag tot by Gimmies. Daar het hy sonder seremonie by die L.O.-klas ingeval, min gepla deur sy kamerdrag. Die son het al hoog gesit toe hy doodluiters terugstap koshuis toe.

◆ Hy was ook 'n roes op 'n eerstejaar. Dis hy wat die berugte wedloop voor die hoofgebou vir die eerstejaarmans gereël het en 'n groen spoorwegkussing as trofee aan die wenner uitgeloof het. ◆

Op die rugbyveld en met bokbok was hy in sy element. Geen wonder dat hy vandag nog Transvaal se onbetwisde leier op die veld is nie.

Ou Groot Frans (three-in-one) het vir niks gestuit nie — op die rugbyveld of in die studentelewe. Altyd vol selfvertroue. Sonder om tweemaal te dink het hy een nag met die Puk se „caterpillar" 'n paar bome op die campus platgery en daarna pyp-in-die-mond sy handewerk betrag. Intervasity is byna hieroor afgelas maar nadat ou Frans gaan verduidelik het, is die saak geskik.

Met „Guy Fawkes" in 1958 het hy die hele Kompleks in beroering gehad. Van fietsbinnebande het hy 'n reuse-kettie voor Uitspan opgerig en Ons Huis en Vleuel (toe was Sielkunde en Dierkunde nog elders op die kampus) met lemoene en aartappels bestook. So kwaai was die kettie se dryfkrag dat sommige lemoene in Hoffmanstraat beland het. Eers toe 'n aartappel die S.R.-voorsitter se kamervenster aan skerwe laat spat het, en rakelings by hom verby getrek het, is ou Frans tot bedaring geroep.

Ou Bok het self nooit beskuit, tandepasta, skoenpolitoer of seep gehad nie. Hy het maar altyd gaan leen om die lewenskoste so laag as moontlik te hou. Die Bult se vrugte was ook vir hom onweerstaanbaar.

Hy was lief om met 'n praatkoor te gaan „serenade". Partykeer sommer met 'n „His Master's Voice"-grammofoon en 'n paar Bantoeplate. Die beste was egter die donkie-serenade in 1958. Met die oog op 'n serenade is Klawerhof se voordeursleutel in die hande gekry en 'n donkie (met sakke om sy hoewe) is teen twaalfuur een nag in die koshuis se gange gelos. Die dames het tot dagbreek gesukkel om die donkie weer buite te kry.

So kan ek voortgaan en vertel hoe hulle die Superintendent van Terrein en Geboue help bome plant het; hom „gehelp" gate grawe het en hom later „begrawe" en „herbegrawe" het. Hoe hulle met lentelag paddas onder die koppies in die Lettie du Plessis-eetsaal geplaas het en dames wat kom „serenade" het in die visdam laat beland het.

Dan was daar natuurlik nog Swart Lappies (nou doktor) wat een oggend in sy finale jaar LL.B.-eksamen 'n drie-uur vraestel in dertig minute afgehandel het en al op die Wanderers gesit en krieket kyk het toe sy klasmaats nog geskryf het.

En ou Mattheüs Welding wat vir homself telefoon geroep het maar ek volstaan liewer met die legendariese Toy, Frans en Bok.★

# *Chaos op die kampus: die biblioteek brand!*

Magriet de Lange

**'N CHAOTIESE Universiteitsopening soos dié op 23 Februarie 1949 sal nie maklik herhaal word nie. Op daardie oggend het die biblioteek van die P.U., wat toe in die noordervleuel van die Hoofgebou gehuisves was, uitgebrand deurdat 'n kortsluiting in die dak plaasgevind het.**

Talle studente en dosente was op die toneel om die verwoesting te aanskou aangesien die openingsplegtigheid op daardie oggend sou plaasvind. Die brand het om 8 vm. uitgebreek.

Die heel laaste telefoonoproep wat vanaf die brandende gebou deurgesit is, was 'n oproep aan die rektor, prof. Postma, om hom van die brand in die biblioteek in kennis te stel. Op daardie oomblik was hy besig met ontbyt, en sy vrou, wat die telefoon beantwoord het, het verstaan dat daar 'n mnr. Brand by die Universiteit is wat hom wil spreek!

Boeke het oor die kampus gesaai gelê. Studente het boeke by die vensters uitgegooi en onder in komberse gevang terwyl rook en vlamme vinnig die oorhand gekry en jare se versameling van biblioteekmateriaal tot niet gegaan het.

Mense wat die hele vakansie gewy het aan die herorganisasie van die biblioteek, moes die oggend na die volvoering daarvan sien hoedat hul werk vernietig word.

Nadat daar met veel moeite 'n gat in die plafon gemaak is, het die brandweer se brandblussers geweier. Die hulp van brandslange is bygehaal maar die drukking van die water was so flou dat dit ten spyte van moedige pogings in die pyp teruggeloop het. Selfs die hulp van die weermag se brandweer is ingeroep.

Niks kon gedoen word om die gulsige gevaar te stuit nie. Die beste stukkie brandbestryding is verrig deur iemand wat vandag ds. D'Assonville is, maar wat toe nog student was. Hy het op die dak van die Hoofgebou gesit en met 'n tuinslang die vlamme doodgespuit om te verhoed dat dit na ander dele van die gebou versprei.

*Studente en personeel het begin boeke uitgooi deur die vensters om te red wat daar te redde is, terwyl die res saam met die houtrakke tot niet gegaan het. Van die 30,000 boekdele is tussen 5000 en 6000 gered. Van die hele tydskrifversameling het niks oorgebly nie.*

Enkele ure later het 'n storm losgebars wat wel die vuur geblus het, maar terselfdertyd verdere skade aangerig het. In die daklose gebou het oorblyfsels van meubels in 'n dam water gestaan terwyl boekblaaie rondgedobber het deur die asopdrifsels.

Die biblioteek is tydelik gehuisves in 'n klein liggaamsoefeningsaaltjie (waar die Fisiologiegebou vandag is). Hierheen is vragte as en oorblyfsels aangery waaruit die nog bruikbare boekdele gesoek is. Die hope oorblyfsels is met grawe uit die vragmotors geskep. Die personeel het daagliks soos skoorsteenveërs huis toe gegaan, en weke lank moes almal gereeld tussen een- en twee-uur in die middae gaan bad.

In 1952 is die nuwe biblioteekgebou betrek en in 1961 moes dit vergroot word, soos ons die biblioteek vandag ken. Tans word beplan om die biblioteek van sy huidige 31,000 vierkant voet te vergroot na 120,000 vierkant voet.

*Die biblioteek was gehuisves in die hoofgebou.*



# Wapad uit die Besembos

Dr. K. S. van Wyk de Vries

**TEEN DIE einde van 1942 was ons in my kamer in Postmahuis om te praat oor die komende jaar se koshuise- en studenteraad. Die verkiesings was reeds verby en ek is as ondervoorsitter verkies met Peet du Plessis as voorsitter. Die S.R. moes die redakteur vir Die Besembos, ons kwartaalblad, aanwys en ek is gevra om my daarvoor beskikbaar te stel.**

Ek het in die vensterbank gesit terwyl die ander in die kamer rondgesit en gelê het. Dit was Jog Hatting, Sarel du Plessis, Dion Kempf en 'n paar ander.

Gewoonlik was dit die ondervoorsitter se taak om Die Besembos op hom te neem, maar ek het geweier om dit te doen — al het ek nie 'n goeie rede gehad nie. Die ouens het gepraat, warm geword en geraas, maar ek het voet by stuk gehou.

Toe het Rabbo opgespring en gesê: „Maar vervlaks man, wat is jou rede?" En sommer daar en dan — ek onthou ek het by die venster uitgekyk oor die visdam heen na Heimat — kom die hele plan in my kop: „Kêrels, los my uit vir die Besembos. Dit moet 'n jaarblad word. Wat peuter ons met 'n kwartaalblad? Ons moet naas Die Besembos 'n weekblad maak, 'n Studentekoerant. As julle wil, sal ek dit organiseer."

My plan was só onverwags dat dit die wind uit hul seile geneem het. Ek kon nogal oortuigend praat en het gou die manne warm gepraat vir die saak. Die uiteinde was dat Sarel du Plessis die hoofredakteur van Die Besembos was en ek sou met die koerant aangaan.

Dieselfde dag nog het ek 'n omsendbrief gereed gehad om die saak te propageer. Aan die een wat 'n naam aan die blad kon gee, sou ons 'n klein borsbeeld van Paul Kruger (wat aan my behoort het) skenk.

Die naam is voorgestel deur Gert van der Vyver en dit was „Langs die Wapad."

Ons het die eerste uitgawe se kopie in orde gebring met 'n inleidingsartikel deur Totius in sy eie handskrif.

Maar ons het ons vasgeloop teen die papierkontroleur. Dit was oorlog en ons voorgenome blad sou nie 'n bydrae kon lewer tot „die oorlogspoging nie". Sodoende het Die Wapad eers na die oorlog die lewenslig aanskou, hoewel dit etlike jare tevore gebore is.

# *Potchefstroom sentrum van politieke roeringe?*

**Dawie Swanepoel**

*Potchefstromers huiwer nie om kritiek te lewer as dit nodig is nie. Die politiek geniet intensiewe belangstelling omdat ons voortbestaan ook hierin betrokke is . . .*

**'N MOEDSWILLIGE verslaggewer het in die laat vyftigerjare vir groot politieke roeringe op Potchefstroom gesorg. Koerante het gepraat van 'n „intellektuele opstand" op die P.U. vir C.H.O., ouers het gedreig om hul kinders weg te neem uit die „broeines van liberalisme" en die studente het die geleentheid te baat geneem om hul proffies oor die kole te haal.**

Die aanleidende oorsaak van hierdie gebeure was 'n onderhoud wat 'n verslaggewer van 'n Engelstalige Sondagblad met prof. J. H. Coetzee, bekende direkteur van Afrikanistiek en tans hoof van die departement volkekunde aan die P.U. vir C.H.O., gevoer het.

## Bok-bok staan styf..?




*So het 'n spotprenttekenaar van die Sunday Times die roeringe op Potch as 'n dilemma vir die regering voorgestel.*

Die verslaggewer het prof. Coetzee toe genader om meer te wete te kom oor „the young Afrikaner intellectuals". Die verslaggewer het dit duidelik gestel dat hy prof. Coetzee nie wou aanhaal nie en die onderhoud nie vir publikasie was nie.

Tydens die onderhoud het prof. Coetzee sekere bedenkinge oor die destydse toepassing van regeringsbeleid uitgespreek. Hy het bygevoeg dat hy nie bang is om daardie kritiek in die openbaar uit te spreek nie. Dit moet egter nie geassosieer word met enige politieke party of partypers nie, omdat hy bang was vir misbruik en dat dit die effek van sy kritiek sou neutraliseer.

◆ Ten spyte van sy belofte het die verslaggewer hom nie aan persetiek gesteur nie maar die onderhoud gepubliseer met verdraaiings en die klem op minder belangrike aspekte. In sensasionele berigte is aangekondig dat prof. Coetzee die regering skerp aangeval en sekere eise gestel het.

Gedurende dieselfde tyd is ook groot prominensie verleen aan kritiek wat twee ander P.U.-professore teen die regering uitgespreek het.

Volgens die berig het prof. Coetzee gemeen dat die samewerking van bantoeleiers verkry moes word in die uitvoering van die beleid. Te veel klem is ook gelê op die negatiewe aspekte van apartheid en hy het ook gesê dat blankes baie sal moet opoffer om die beleid deur te voer. Prof. Coetzee het toe reeds voorsien dat bantoes politieke regte in hul eie gebiede moes kry en het aangedring op 'n vinniger ontwikkeling van die bantoegebiede.

Vandag kom dit byna vreemd voor dat 'n persoon aangeval is oor hierdie standpunte, wat heeltemal in oorstemming met die beleid van afsonderlike ontwikkeling is. Politieke skrywers het hulle egter as „rebelle" gebrandmerk; mense het dit beskou as „verraad teen die Afrikanersaak"; ander het in hul ontsteltenis geëis dat hulle hul bedanking by die Universiteitsraad indien. Dit is die professore veral verkwalik omdat hulle hul menings in die Engelstalige pers uitgespreek het.

Gelukkig was daar ook diegene wat besef het dat die vyandige pers die saak heeltemal uit verband geruk het. Die professore het ook baie steun en simpatie ontvang.

Onder die studentemassa was daar ook woelinge. Ons het mnr. J D. van der Vyver, tans senior lektor in regsfilosofie en regsvergelyking aan die P.U. vir C.H.O., gevra wat die gevoel van die studente in daardie tyd was.

As dié student wat destyds 'n mosie voorgestel het dat die professore aangeval moes word (dit is nie aangeneem nie), het mnr. Van der Vyver gesê dat die mosie in daardie tyd bedoel was om 'n bietjie lewe in die studentemassa te blaas. „Ons sou enigiets aangryp om dit te doen. Daarby was die aanvalle teen die professore, en nie soseer teen hul standpunte nie. Daar was ook geen sprake van 'n ,opstand' teen die professore, soos die koerante beweer het, nie", het hy gesê.

En prof. Coetzee se jongste kommentaar op dié gebeure: „Die kritiek wat in daardie tyd gelewer is, is dit wat vandag prakties toegepas word."

# HULLE SAL JY ALTYD KRY

**Martie Kruger**

**EERS 'N TIKKIE van die geheimsinnige vloeistof uit die botteltjie met die nagemaakte goue deksel, en sy seil uit die kamer, die boekie vasgeknyp onder die arm. Wie is sy? Sy loop hier op ons kampus rond. Jy sien haar by die strykplank, by die wasbak, dikwels voor die spieël, selde in die biblioteek, maar soms met die kop gebuig oor . . . 'n modeboek. Wat doen sy?**

Soek 'n rok vir die komende dinee. „Ek het niks om aan te trek nie", kla sy die internasionale klag van die Eva. As sy die Puk verlaat, sal die professor sy kop krap en 'n bietjie niksseggend in die getuigskrif skryf „ . . . sy was altyd onberispelik netjies . . ." en 'n warreltjie van daardie wonder-vloeistof sal hom bybly. Haar punte is wel 'n bietjie vaag, maar aag . . . wat maak dit tog per slot van rekening saak? Sy sal 'n aanwins vir enige kantoor wees Al is haar kop leeg — daar is darem altyd daardie parfuum . . .

Dan kry jy haar buurvrou — die atletiese tipe. In haar kas kry jy „Sunlight"-seep, 'n goeie, onopgesmukte soort handeroom, 'n houtborsel, 'n ysterkam en sterk sakdoeke. Papiersakdoekies is tog só yl. Beteken niks. Daar is ook geen gesigspoeier nie, net 'n ligpienk lipstiffie „omdat Ma tog só daarop aangedring het dat ek my 'n bietjie moet inkleur". Elke môre is sy in haar sweetpak en op haar fiets. Haar hare is prakties kort gesny en die wind maak daar geen hond haaraf nie. Om haar hang die geur van grond, van spring, hardloop en swem, en 'n vinnige stort. Op haar wange sal jy nie rooisel kry nie, maar die son se rooimaakmerk — in beskaafde taal, 'n gesonde blos.

Ons het hier ook die twyfelagtige voorreg om organiseerders onder ons te hê — die „kom-ouens-ruk-op-in-julle-hordes"-tipe. Sy is altyd begaan oor die gees op die Puk en wen haar op oor die gebrek aan samewerking onder die studente. Sy woon ook lesings oor Waterskemas by, en is sekretaresse van die O.B.S R. (Organisasie vir die Beskerming van Studente teen Rondloperhonde), die S.V.A.-P.E. (Stigting vir die Voorkoming van Angstigheid om 'n Plek tydens Etenstye) en die K.T.L.K. (Komitee vir die Toestop van Lekkende Krane). Sy gebruik laventel — soms as sy onthou, en tyd kry, tussen die ontelbare reeks vergaderings en samesprekings en byeenkomste van kekkelgroepe deur.

„Ek het Puk toe gekom om te **werk"**. Waar hoor jy dit? Reg — in die biblioteek. Sý loop op en af tussen die rye en kyk die boeke een vir een stip deur haar bril aan, totdat sy met 'n kennersoog die Ware Jakob (nie 'n mansstudent nie!) raaksien en hom met 'n gretige hand uit sy plek in die rak ruk Die ander boeke leun dan sugtend in meer vryheid teen mekaar, terwyl sy haar slagoffer se blaaie rukkerig van mekaar skei, om by dáárdie stukkie waardevolle informasie uit te kom. Gedurende die klas steek sy haar hand op. „Professor, ek begryp nie mooi nie. Is dit vir u moontlik om asseblief weer daar passasie te herhaal en te verduidelik?" (Haar klasmaats sug en skud hulle horlosies. Die professor glimlag. 'n Ideale student, dink hy. Hy verduidelik uitvóérig). Ná klas bly sy agter. „Professor, ek ondervind hier en hier en hier nog 'n bietjie probleme. Is dit vir u moontlik . . ?" (Die professor glimlag. 'n Ideale student, dink hy. Hy verduidelik uitvóérig. Sy knik intelligent en begrypend). Of sy reukwater gebruik? Moenie laf wees nie. Het sy al ooit van so iets gehoor? Hoogs onwaarskynlik Sy mors nie haar tyd of haar pa se geld op sulke onsinnighede nie. Sy het gekom om te **wérk**, — onthou?!

Dan is daar die sluipende, stil, slepende Sannies. Jy sien hulle hier, en daar, maar altyd met die getroue Jannies aan die hand. Jannie kom kuier elke middag halftwee en sê: „Jy lyk mooi . . ." en Sannie sê: „Jy is sterk . . ." Dan kyk hulle in mekaar se oë en lag. Hulle verstaan mekaar volkome. Sy gebruik 'n blommerige soort reukwater, omdat „hy" daarvan hou. Sy dra groen „omdat hy sê dat die kleur my oë so groot en dromerig laat lyk . . ." Sy was sy rugbytruie en sit gereeld elke Saterdagmiddag op die pawiljoen as hy opdraf. Hy gee vir haar kerkgeld en neem haar een keer elke twee weke Inry toe So . . . so . . . huishoudelik. In die kantlyn van haar aantekeningboek teken sy ringe, voëltjies, hartjies en dik blokletters, ineengestrengel. As jy haar vra wanneer hulle gaan trou, antwoord sy stralend: „Dis nog lank . . daar is op die oomblik nog nie eintlik sprake van so iets nie . . ." terwyl haar blink oë elke woord daarvan weerspreek.

Dan is daar ons — die middelmatiges, dis massa, die „loafers", die B's onder 'n klomp A's en C's, die grys-romp-wit-trui-orde, die dood-goeies en goed-dooies. Ons loop in rye en een-een hier op die kampus rond; ons maak die getalle vol en sorg vir groot, ronde, vet syfers in die statistieke van die Administrasie. Ons gaan ons gang sonder om ooit groot hoogtes of groter dieptes te bereik. Ons vermy die hoogtes deur ons nooit dood te werk nie; ons potensiële intelligensiekrag nooit ten volle uit te buit nie en die professor nooit te laat agterkom watter **slim** mense ons eintlik is nie.

Deur ons werk darem redelik getrou te doen en op 'n middelmatige peil te hou, vermy ons — ook nie altyd nie! — die dieptes. As iemand jou na ons vra, sal jy sê: „Ek het haar nie juis te goed geken nie; sy was maar altyd daar rond. Sy is . . . wel . . . man . . . die meisie met die grys romp en die wit trui . . ." Dit is al wat jy kan sê — ons is die gryses, die vales, die wittes, die skimme wat tussen die rooi bolaag en die swart onderlaag beweeg.

Daar is darem egter iets waaraan ons ons sou kon onderskei. Opperman sê: „In elke vrou is daar 'n geur!"

Of het ek dit nou verkeerd om?

*(— Uit die Besembos — 1966)*

***My nooi is 'n nartjie,***
***my ouma in kaneel,***
***daar's iemand . . .***
***iemand in anys,***
***daar's 'n vrou in elke geur!"***

***— (Opperman).***

# UIT DIE DEURMEKAAR DAE

Gert Kruger

**ALLERLEI slinkse planne van samesweerders het prof. Lappies en twee ander in die troebel Ossewabrandwag-jare op 'n aanklag van hoogverraad in die tronk laat beland . . . Dit was in Maart 1941.**

Toe is prof. Labuschagne en mnre. B. C. Schutte en H. G. Steyn deur die S.A. Polisie in hegtenis geneem. In 'n onderhoud met Die Wapad het prof. Labuschagne my die hele verhaal vertel.

As kommandant van die Ossewabrandwag het hy in 1940 'n protesvergadering georganiseer teen die soldate se weerbarstige houding teenoor die studente. Hy het ook kontak gesoek met sekere goedgesinde offisiere van die weermag. Die gevolg van die bedrywighede van hierdie stryder vir Afrikaans was dat hy, in sy hoedanigheid as kommandant van die Ossewabrandwag, na 'n braaivleis op 'n plaas buite Potchefstroom genooi is. Op hierdie braaivleis was vyf of ses sersante van die weermag, asook 'n senior offisier teenwoordig.

Dit was nie lank nie of die sersante het 'n klompie kaarte van die militêre kamp uitgehaal en 'n inval bespreek. Volgens prof. Lappies was dit 'n „fantasties-avontuurlustige, meer-as prakties-uitvoerbare plan."

Prof. Lappies het toe, sonder om neerhalend-krities te wees, hul „harsingskimmige" plan ontmoedig deur hulle te wys op die onuitvoerbaarheid daarvan.

Daar was veral een soldaat wat 'n vreeslike provokateur van die invalsplan was. Hy het toe later verraad gepleeg. Hy het ook saam met prof. Lappies van die braaivleis af teruggery en hom met allerlei slinkse planne probeer vang.

Die gevolg van al hierdie bedrywighede van prof. Lappies was dat hy gearresteer is eendag net toe hy by die klas uitgestap kom. Terselfdertyd is ook mnre. Steyn en Schutte gearresteer. Hulle is ongeveer 40 of 50 dae hier in Potchefstroom aangehou voordat hulle op borgtog van £500 los gelaat is. In Augustus is hulle deur 'n spesiale hooggeregshof in Pretoria verhoor, waar die aanklaer se saak egter in duie gestort het.

„So", sê prof. Lappies, „het hulle probeer om 'n mens op allerhande nonsies te vang".

Prof. Labuschagne is sedert 1931 aan die Puk verbonde as dosent. Op die hoë ouderdom van 73 jaar is hy nog baie aktief. Aan die begin van hierdie jaar het hy sy doktorsgraad in Afrikaans met lof ontvang. Sy verhandeling oor die funksielingemaat in Afrikaans is 'n nuwe benadering.

Op die oomblik is prof. Lappies besig met die opstel van 'n nuwe Afrikaanse woordeboek, wat volgens hierdie nuwe benadering gedoen word. ★

## IN DIE TRONK



*Prof. Lappies (tweede van regs onder) hier saam met prof. Schutte (heel links onder) en ander gevangenes in die tronk. Dit was 'n verwarde tyd waarvan die jonger geslag weinig van begryp . . .*

# IN DIE SINK-TEMPEL

Prof. B. C. Schutte

JA, ek praat van 1927 se dae af, want toe het ek die skoolbottel vir die universiteitskoppie gelos. Ek praat ook as student in die natuurwetenskappe as ek die mees kenmerkende van daardie tyd moet stel.

Ek wonder of u 'n idee het hoe 'n „sinktempel" gelyk het. Die kaia reg wes van die hoofgebou is 'n baie luukse uitgawe van so 'n gebou. Ons sinkgeboue het op pale gestaan, was lang, smal sale, (behalwe as dit met plankmure in lesingsale ingedeel was,) met lang tafels waarop jou boeke kom as jy op „oom Coert se pynbankies" sitmarteling moes ondergaan. As die westewind gewaai het, moes jy 'n spesiale vee-apparaat aan jou penpunt gehad het om nie blote groefies in die sand op jou bank te maak nie!

Dis nou die atmosfeer (of stofmosfeer) waarin ons chemie en fisika prakties moes beoefen. Stel jou 'n grawimetriese proef voor as jy voortdurend 'n sambreel daaroor moes hou om te verseker dat daar by ontbinding nie konsekwent gewigsvermindering plaasvind nie! Geen wonder dat al ons water te „swaarwater" was nie. Of weeg net een van ou prof. Waentjies (van Wageningen) se akkurate balanse wat darem tot op 'n tiende van 'n milligram noukeurig geweeg het, en op 'n Augustusdag verander die gewig by elke weging!

*Daar was toe ook al trillings, onder andere in die aardkors, as een van die stoomgevaartes by ons verby gevlieg het (dit was nog voor die arme Cachetstasie se tyd, toe oom Bodenstein se bulkamp daar was waar Karlien nou is!). Werk nou met gevoelige instrumente in fisiese proewe! Jou galvanometer bokspring soos 'n bokwa oor 'n sinkplaatpad.*

Ek dink veral aan twee noue ontkomings, een van my en een van die destydse Puk. Damp 'n groot hoeveelheid van 'n chloroformoplossing droog in 'n laboratorium

(Vervolg p. 15 kol 1)

# 'n Student bly 'n student

**Retha le Roux**

AL het die „new look" gevorder tot by die mini, al het Alabama gegroei vanaf 'n boereorkes tot 'n professionele Revuegroep, en al is die ondeundste studente van 'n halfeeu gelede nou sedige proffies, bly 'n student nog maar 'n student. Fleurige rokkies van die dames in die sonlig op die kampus, die helder lag van 'n meisie in die skemer vermeng met manstemme, die enkeltonige geplukkel van 'n mandolien in 'n serenade uit die roostuin, pienk koshuistee — so was dit die afgelope eeu, en so is dit vandag nog.

Tog is daar sekere figure en gebeure uit die studentelewe van die verlede wat vir altyd vasgegroef is om 'n glimlag van herinnering te wek, net soos 'n langspeelplaat wat ons maar altyd oor en oor kan speel. Soos hierdie staaltjie: In 1940 het dit bekend geword dat soldate van die weermag planne het om 'n aanval te doen op die Puk. Spanning het hoog geloop onder die afwagtende studente. Die mans van Postma Huis (wat toe skuins oor Heimat geleë was) het aand na

***„Op bevel van die rektor moes die manne toe maar hulle sandsakke opruim."***

aand reggesit agter hul skanse van sandsakke, gewapen met stapels klippe, byle, voëlrekke, „peashooters", peperpotte en oordrewe grootmoedigheid.

## SINKTEMPEL

waar 'n elektriese waaier (ook maar 'n skaars artikel destyds) die enigste middel is om gevaarlike gasse weg te lei!

Gelukkig het die klas in die gebou langsaan toe hulle gevlug het, my ontset. Of daardie dag toe die registrateur iemand gestuur het om te kom sê ons gasapparaat wat ons asitileen gemaak het, is defek en verpes die hele atmosfeer terwyl die vlammetjies in die laboratorium kon bly.

Dit was avontuurlike dae daardie, want die proffies was toe net so onrealisties en onromanties soos vandag s'n. ★

Blykbaar om die spanning te verlig, het Postma Huis besluit om die dames van Thaba Jäh te gaan toesing, maar o wee, die singery het in amok en chaos geëindig! Om weer die vrede en goeie gesindheid te herstel, het die dames 'n netjiese „sêr" gereël vir Postma Huis. Een van hulle sou drie lang fluite gee en dan sou hulle lostrek en sing.

Intussen het die manne egter afgespreek dat die een wat kywie hou by die sandsakke drie lang fluite sou gee as die soldate aan die kom is! Dus geen vrede en goeie gesindheid nie, maar weer eens het die „sêr" in 'n katastrofe geëindig!

Op bevel van die rektor moes die manne toe maar hul sandsakke opruim. Slegs een aand later het die weermag egter toegesak op die Puk.

Op die groot soldate-aanvalaand was die Pukmassa vergader in die destydse bliksaal, waar alle ontspanning plaasgevind het. Toe die soldate by die agterste deur instorm, was daar meteens 'n Babelse verwarring; geen kans eens om peper te strooi nie! Dames het met vrees en bewing tussen die manne deurgestorm na veiligheid; die pianiste is loodreg van haar stoeltjie afgelig deur soldate; een van die manstudente het dwarsdeur 'n venster getrek sodat die raam om sy nek bly sit het ('n nuwe soort halssnoer!), en wie was dit wat myle ver gehardloop het tot by Noordbrug uit vrees vir sy eie klappende kousband wat soos 'n agtervolgende soldaat geklink het? Tjaart van der Walt!

Hy het hoog in die takke van 'n skamele jong boompie beland en elkeen summier weggejaag wat dit gewaag het om ook daar te probeer skuiling soek. Dis *sy* boom!

In die Besembos van September 1949 verskyn 'n kennisgewing: „Ons simpatiseer met almal wat in die aanval op die Puk op 7 Augustus verwond is".

## DORE EN DRAKE

In vergange se dae was ontgroening baie meer daarop gemik om Dore en Drake van hul wysneusigheid te laat ontslae raak as wat dit bedoel was as inlywing of verwelkoming. 'n Eerstejaar se grootste vrees was om „gepiep-en-fink" te word. By Heimat het daar 'n pomp gestaan. Die wysneuse is dan toegedruk, kop onderstebo onder die kraan gehou en een hou jou hakskeensenings vas. Nou word die kraan oopgedraai in jou mond, en eers as jou hakskeensenings slap word dan kry jy blaaskans, d.w.s. as jy nie al klaar dood is nie! „Piep-en-fink" is egter uitsluitlik vir Drake bedoel (die dames was reeds beskaaf).

***„Bewaar net die onnosele swaap se siel wat 'n ander een se somerhuisie sonder verlof probeer beset het!"***

'n Nuwigheid in '46 was die sogenaamde „Groepspyker", wat deur Rabbo Pasch (G. B. S. Pasch, 'n bekende studentefiguur van daardie tyd) begin is. Die „Paschiewe Groepspyker", 'n groep mans, het elke Saterdag en party Sondaeaande na Thaba Jäh gegaan en saam met die dames gesellig verkeer. Blykbaar het dit darem nie so passief daaraan toegegaan nie, want daar is etlike pare bygevoeg by die toue en toue wat elke aand styf ingehak afgedrentel het van Thaba Jäh.

## GAIPE

En in daardie dae het elkeen uitgesleep na sy *eie* plek; miskien een van die somerhuisies wat hier rondgestaan het. Bewaar net die onnosele swaap se siel wat 'n ander een se somerhuisie sonder verlof probeer beset het!

Om nie te praat van die „Gaipiaanse Kultuur" wat in die veertigerjare hier posgevat het nie! Die Vereniging van Gaipe, 'n groep mans wat hulself so verhewe geag het dat hulle hul volledig onttrek het van alle damesgeselskap, is gestig deur iemand wat vandag gelukkig getroud is, maar wat ons miskien baie kwalik sal neem as ons sy naam hier noem!

Bloktyd het altyd iets opgelewer. Een aand het 'n blink gepoleerde stoet kyse, almal kaalkop, by die koshuis opgedaag. Dis te veel kosbare tyd om nog soggens hare te kam in bloktyd, dus, af met die haredos.

En wie was dit tog wat met sy ringkop, presies net soos ds. Worst s'n afgeskeer, die Sondag reg voor in die kerk gaan sit het? Boonop het hy sprekend op ds. Worst gelyk!

„Ek was eenmaal 'n Pukstudent en lekker het ek geleer", „Hier op die P.U.K.-gronde" — waar sou al die ou liedjies tog vandaan kom? Destyds, toe Postma Huis nog skuins voor Heimat gestaan het, is die teekanne saans op die balkonne uitgedra. Die manne van verskillende koshuise het mekaar dan oor en weer uitgedaag met lustige samesang, en so het baie van die liedjies ontstaan wat ons vandag nog sing. Geen wonder dat Heimat hulself uit pure trots op hul tradisie onlangs verklaar het tot volwaardige „Gewetenlose Universiteit" nie!

Wat is daar wat mooier is as die luide sang van studente, wie is daar wat spitsvondiger is as 'n student, watter lewe is daar wat voller en liefliker is as die STUDENTELEWE? — LANK LEWE ONS ALMA MATER!

*(Hierdie artikel is geskryf met dank aan alle oud-studente wat bereid was om die spinnerakke van die tyd 'n bietjie te lig en tevoorskyn te kom met staaltjies en stories uit hul eie studentelewe).*

# PRO REGE-PERS

# BEPERK

## HARTLIKE GELUKWENSE

## EN

## SEËNWENSE BY U

## EEUFEESVIERINGS

**KERKSTRAAT 91–95**

**TELEFOON 5236**

**TOMSTRAAT 86**

**POTCHEFSTROOM**


*Gedruk deur die Potchefstroomse Herald (Edms.) Beperk, Posbus 156, Telefoon 3245, Potchefstroom*